

30 Desember

As ons Christus verloën, sal Hy ons ook verloën

Skrifgedeelte: 2 Timoteus 3 (OAV)

Fokusgedeelte: 2 Timoteus 3:1-5; 2:12b

Ons fokusgedeelte herinner aan Christus se eie woorde in Matteus 10:32, 33: “Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor My Vader wat in die hemele is. Maar elkeen wat My verloën voor die mense, hom sal Ek ook verloën voor My Vader wat in die hemele is.” Wat is verloën? Die uiterste vorm is seker om soos Petrus te sê: “Ek ken Christus nie.”

Verloëning vind plaas as jy uit skaamte of vrees oor Jesus swyg, terwyl jy Hom eintlik met mond en daad moet bely. Maar verloën kan ook anders wees. Die oorspronklike bevat nie die woordjie “Hom” wat na Christus verwys nie, maar daar staan net: “As ons verloën ...” Die verwysing is dus na Christus óf sy leer. 2 Timoteus 3:1-5 waarsku juis dat daar ’n tyd kom dat mense die gesonde leer nie sal verdra nie. Mense sal die gedaante van godsaligheid hê, maar die krag daarvan verloën.

Daarom die oproep: “Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is” (2 Tim 3:14). Wie afwyk van die suiwere leer, verloën Christus, want dit is van Hom wat die leer getuig. Die gevolge is vreeslik: as ons Hom verloën, openlik of deur afwyking van die suiwere leer, dan sal Hy ons ook verloën voor die Vader. Dan sal Hy ook vir die Vader sê dat daar geen band is wat ons aan Hom bind nie.

Wie Christus verloën, kan dus nie in die ewige heerlikheid ingaan nie.

Sing: Psalm 119:7

Ds. CJJ Putter (Pietersburg)